

22 Mei Johannes 14:15-21

(Teks: Johannes 14:16,17)

Ons trooster by die vader

Jesus het belowe dat Hy sy kerk hier op die aarde nie alleen sal agterlaat nie. Hy sal die Vader vra om 'n ander Voorspraak na die kerk op die aarde te stuur. Die woord Parakleet wat hier met Voorspraak vertaal word, kan ook weergegee word met trooster, vrederegter, pleitsbesorger, raadsman, helper. In ons regsterme word so 'n persoon advokaat genoem. Dit is iemand wat ons saak in die hof voor die regter bepleit. Jesus is ons 'Advokaat' by God, die Vader.

Jesus praat nou van 'n ander Voorspraak. Dit dui dan dat Hyself ook 'n Voorspraak vir ons is. Self gaan Hy na die Vader, en deur sy gaan na die Vader, bid Hy van die Vader om die ander Voorspraak na die kerk toe te stuur. Die ander Voorspraak word dan ook gestuur in die Naam van Jesus Christus (*Joh. 14:26; 15:26*). Hy is die Heilige Gees.

Nou het ons vir Jesus Christus as Voorspraak by die Vader.

By die Vader tree Hy vir ons in om ons sondes met die Vader te versoen deurdat Hy aan die kruis vir al ons sondes betaal het. Hy is gedurig in die 'teenwoordigheid' van die Vader by Wie Hy dan ook pleit op grond van die feit dat Hy in ons plek vir ons sondes betaal het.

Aan die vergiffenis op grond van die Vader se liefde en bewerk deur die Vader se Seun, mag ons nie twyfel nie. Juis dat Hy voor die Vader staan met die menslike liggaam wat die sondewonde gedra het en nou verheerlik by die Vader is, het ons die sterk bewys dat ons ook een maal, met siel en liggaam, op die oordeelsdag die vryspraak kry wat ons Voorspraak Jesus in die hemel ook vir ons bepleit het op grond van sy lyde.

Sing Psalm 47:3,4

Ds. G. du Plessis (Emeritus)